

Kyk gerus met nuwe oë na jou rommel. Nick & Nichol's maak handsakke uit binnebande en MyAfricanMum tower ontwerpershandsakke uit lekkergoedpapiertjies

Deur ANET SCHOEMAN

Rommel MAAK MOOI

“ONS HET NIE ONS ONDERNEMING GE-SOEK NIE, dit het ons eerder gekry,” vertel Nick Nyalungu laggend oor hul onderneming, Nick and Nichol's, wat handsakke uit ou binnebande maak. Nick en Nicole het drie jaar gelede in Witbank gewoon en korporatiewe posisies bekleed. Maar die daaglikse gejaag na niks, vrees vir jou werk verloor, en gespartel om genoeg geld te maak het alle vreugde uit hul bestaan gesuig.

'n Vriend van Nick het 'n onderneming buite Nelspruit waar hy gebruikte motorbande herwin. Daar was 'n hoop ou binnebande en toe Nick daarna uitvra, hoor hy dit is nutteloos

en word weggegooi. Hy het skielik die idee gekry om handsakke daarvan te maak. Hy en Nicole is albei kreatief, maar hulle het nie ervaring gehad nie, en het op die Internet na handsakpatrone gaan soek en dit volgens hul behoeftes aangepas.

Hulle het hul werk bedank en met twee jong kinders na Nick se ma buite Nelspruit getrek. “Ek het my glad nie daarvoor bekommer dat ons dalk gaan faal nie,” sê Nick.

“En ek het my dood bekommer!” sê Nicole. “Ons moes aanvanklik alles self doen en moes ook leer hoe om met 'n naaimasjien te werk. Nou is ons in die wonderlike posisie waar ons kon uitbrei en ander



Ons WERK maak ons GELUKKIG



Mashile, wat 'n skoensfabriek gehad het, geleer en sy toerusting gebruik. Binne 'n maand het ons genoeg geld gehad om die kinders se skoolgeld vir die nuwe jaar te betaal en skoolklere te koop. Ons het pas 'n bestelling van die Ulusaba Private Game Reserve van Richard Branson (naby die Krugerwildtuin) gekry, en onderhandel ook met ander wildsreser-

mense met vaardighede en 'n salaris kon bemagtig.”

Nick het geglo die onderneming gaan slaag, maar dit het glad nie uitgewerk soos hy gedink het nie. “Ons het so min geweet dat ons heelyd aanpassings moes maak namate ons gevorder het, en dit het ons gebring tot waar ons vandag is.

“Ons het aanvanklik by 'n baie gawe man, Andrew

WENKE

- **Volg jou hart** en jou **passie** en moenie dat ander jou van stryk bring nie.
- As jou werk jou **gelukkig maak**, het dit ook 'n uitwerking op jou gesin.
- **Beperk jou reeks** tot produkte wat werk, maar probeer gedurig **nuwe idees** in die werkswinkel.
- Sny die **vrees** uit jou lewe en leef **eenvoudiger**.

FOTOS: VERSKAF

Besigheidsversekering waar jy 'n vaste standaardbybetalingsbedrag betaal – wat nie afhang van die eisbedrag nie.



ditsem

vate om ons produkte in hul winkels te kry.”

Die grootste uitdaging is om met die grootte en vorm van die materiaal te werk. Binnebande kom in verskeie groottes en diktes en dit het ’n rukkie geduur voor hulle kon uitwerk watter handelsmerke die regte dikte vir die sakke is. Die vorms is ook nie konstant nie, en elke sak is ’n bietjie anders. Dit beteken dat die sakke met ’n skêr uitgeknip moet word.

“Maar ons geniet dit, dit fokus ons en laat jou aan die moontlike eienaar van die sak dink,” sê Nicole. “Dis ook lekker om met jou hande te werk, en ons glo hierdie positiewe gedagtes word in ons sakke vasgevang.”

Die ander verrassende bonus was toe kopers begin opmerk hoe baie die binnebande soos leer lyk. Mense koop dit nou as veganis-vriendelike “leer-sakke”. “Die materiaal het ons ook aangenaam verras,” sê Nick. “Die binnebande word sagter namate jy dit gebruik en voel soos fluweel wanneer dit ouer word. Dit skuur ook blink op plekke wat dit mooi laat lyk. Ons het pas begin om met velskoene te eksperimenteer en die eindproduk is opwindend.”

NAOMI LEDOUX was ’n wêreldreisiger en het as ’n geoktrooieerde rekenmeester topposisies wêreldwyd beklee. Toe kry sy haar eerste baba en soos handomkeer verander haar lewe. Sy het iets gesoek om haar besig te hou, en het onthou van items wat sy in



Soet SUKSES

Buenos Aires, Argentinië gesien het - papier wat gevou en gevleg word om gebruik-artikels te maak.

Dit was die ideale manier om lekkergoedpapiertjies en die naamstrook op plastiekkoele-drinkbottels te herwin. En so het MyAfricaMum in Oktober 2016 ontstaan wat Eye Candy-handsakke en -joernaalootreksels vervaardig. Dis wel ’n uiters tydsame proses – dit neem tot agt dae om hul grootste drasak te maak. Sy verkoop dié sakke vir R6 000 omdat dit van ’n hoë gehalte is en sy die sakke met leerhandvatsels afwerk.

Op die oomblik maak hulle drie reekse. Die goedkoopste

sakke, waarvoor hulle enige lekkergoedpapiertjies gebruik, kos sowat R1 200. Vir die ander reeks gebruik hulle die naamstrook op koeldrankbottels, en vir die laaste reeks word die papiertjies van Lindt-sjokoladeballetjies ingespan. Nie net dra dit by tot herwinning nie, maar dit skep ook unieke sakke wat meer soos Pop Art as herwinningsprodukte lyk. Naomi het selfs op twee plekke in Port Elizabeth houers waar mense hul Lindt-papiertjies kan weggooi. (Wat ’n wonderlike verskoning om sjokolade te eet!)

Naomi het tans twee vroue, Thuleka en Thumeka, wat in hul eie tyd handsakke maak.

Naomi heg die handvatsels aan en stik die ritssluiters in.

“Tussen ons drie maak ons so agt tot tien handsakke per maand.” Naomi woeker bedags op die aandeleemark, maar Eye Candy is haar manier om werk te skep en seker te maak haar twee werkers verdien ’n inkomste.

Dit bly vir haar ’n vreugde om te sien dat invloedryke mense haar sakke dra, en dit is selfs onlangs op ’n modevertoning in Port Elizabeth gebruik.

Hulle werk ook tans aan goedkoper winkelsakke wat hulle maak van die dikker sakkies waarin koffie verkoop word. Die sakke behoort tussen R40 – R60 te kos en vat ook nie so lank om te maak nie. Omdat die sakkies ’n mengsel van foelie en plastiek is, is dit nie geskik vir gewone herwinning nie. **rr**

WENKE

• Dis belangrik om met ’n **goeie sakeplan** te begin. Daarna is dinge eenvoudig. • Die herwinning is ’n **bonus**. • Besluit wat vir jou **belangrik** is en grond jou besluite daarop. • **Moenie verwag** dat iemand jou op die skouer gaan klop of prys nie. • **Gehalte** is uiters belangrik. • Wees **aanpasbaar** en geniet die reis - **sukses** kom nie oornag nie. • ’n Onderneming **groei** as kopers gaaf is en **terugvoer** gee, wat ons help om die **produk** te **verbeter**.

FOTO'S VERSKAF

FP FC OUTSURANCE AD

Besigheidsonderbrekingdekking
vir finansiële verlies as gevolg van
skade by jou perseel.

